

## HOOFSTUK 1.

### VEREENIGING: 'N HISTORIESE AGTERGROND.

1. Ligging. Vereeniging is uitgelê op gedeeltes van twee plase, nl. van Klipplaatdrift no. 336 wat onder die wyk Suikerboschrand in die Heidelbergse distrik tuisgehoort het, en Leeuwkuil no. 334 van die wyk <sup>1)</sup> Vaalrivier in die Potchefstroomse distrik .

2. Vroegste eienaars.

(a) Van Klipplaatdrift no. 336. Hierdie plaas is op 10 Mei 1852 deur P. Lindeque afgemeet. Die grootte was 130 vierkante Rynlandse roede. Dit is in dieselfde jaar as 'n leningsplaas uitgegee aan Stephanus P. Janse van Vuuren. Nadat die plaas sewe jaar lank in besit van hierdie persoon was, is dit op die naam <sup>2)</sup> van Karel August Pretorius getransporteer .

Met die ontdekking van steenkool in die noordelike deel van die Oranje Vrystaat naby Makouvlei, het S. Marks en C. Herz, kuratore van „De Zuid Afrikaansche en Oranje Vry Staatsche Kolen en Mineralen Myn Vereeniging” hul agent J.G. Fraser opdrag gegee om hierdie plaas vir genoemde maatskappy of „Vereeniging” (soos dit kortweg genoem is) aan te koop.

Fraser het vervolgens op 14 Oktober 1881 na Makouvlei <sup>3)</sup> afgereis en die plaas van Pretorius gekoop vir £15,500 <sup>4)</sup> .

(b) Van Leeuwkuil no. 334. Net soos Klipplaatdrift was hierdie een ook 'n grensplaas. Dit is op 13 April 1865 deur G.H. Grobler uitgemeet. Dit was 5,675½ morg groot. Dit is in Mei 1870 as leningsplaas aan <sup>5)</sup> Johan Adriaan Venter uitgegee .

/Toe .....

- 
1. Departement van Lande: Topo-kadestrale Kaart, Velle 12 en 19.
  2. Aktekantoor, Pretoria: Kaart D.B.74, Fol. 120.
  3. Ook gespel „Maccauvlei”.
  4. Aktekantoor, Pretoria: Transportnommer 418 van 31.10.1881.
  5. Aktekantoor, Pretoria: Kaart D.B.66, Fol. 73.

Toe steenkool in 1877 op hierdie plaas ontdek is, was genoemde J.A. Venter reeds oorlede en het die weduwee Anna Catharina Venter (gebore Oberholzer) aan J.J. Otto opdrag gegee om namens haar op te tree<sup>1)</sup> nadat die „Vereeniging“ die nodige stappe gedoen het om ook hierdie plaas te bekom<sup>2)</sup>.

3. Die rol wat die ontdekking van steenkool by die stigting van Vereeniging gespeel het.

(a) Inleiding. Met die ontginning van die Kimberleyse diamantvelde het dit 'n aktuele vraagstuk geword hoe om brandstof van naby te bekom. Vooraanstaande persoonlikhede soos Henry Barkley het dus vervolgens hierdie saak met die destydse Kaapse regering opgeneem en voorgestel dat stappe gedoen moet word om vir steenkool te prospek-<sup>3)</sup>teer .

Barkley wou baie graag gehad het dat George William Stow vir hierdie pos van prospektoerder aanbeveel word, maar hy moes tot sy teleurstelling uitvind dat die regering nie daarvoor te vinde was nie. As rede is aangevoer dat die regering nie wetenskaplikes vir hierdie doel wou aanstel nie<sup>4)</sup>.

Intussen het Stow hom op Smithfield in die Vrystaat gaan vestig by sy ou vriend C.W. Orpen, wat ook baie in die geologie geïnteresseer was. Genoemde Orpen het 'n groot invloed by die destydse Vrystaatse regering gehad, en nadat hy op die voordele gewys het wat steenkool vir dié republiek sou inhou, indien dit

/hulle sou .....

- 
1. Aktekantoor, Pretoria: Transportnommer 63 van 27 Januarie 1882.
  2. Leslie: Herinneringe, 75.
  3. Ibid., 76.
  4. Ibid., 75.

hulle sou geluk om dit te ontdek en te ontgin, word Stow deur bemiddeling van Orpen deur die Vrystaatse regering aangestel om in die omgewing van Bethlehem vir steenkool te prospekteer. Toe Stow egter in genoemde streek geen steenkool kon vind nie, het hy verder noordwaarts geprobeer tot by die Vaalrivier, waar hy dan ook aan die noordoewer op die plaas Leeuwkuil 'n twaalf voet dik laag steenkool ontdek het. Hy lê hierdie ontdekking voor die Vrystaatse republiek, maar as gevolg van die lang afstand en die swak vervoermiddele tot sy beskikking besluit die regering om nie tot die ontginning van hierdie steenkool-<sup>1)</sup>veld oor te gaan nie .

(b) "Sammy" Marks op die toneel. Stow verneem in 1879 dat die Vrystaatse republiek nie bereid is om sy vonds as waardevol genoeg vir ontginning te beskou nie.<sup>2)</sup> Inteendeel, dit is as waardeloos beskou . Hy gaan vervolgens as 'n gebroke man na die Kimberleyse diamantvelde waar hy gaan werk soek<sup>3)</sup> . Hier ontmoet hy Samuel Marks en hy deel hom mee van die ryk steenkoollae wat hy aan die Vaalrivier ontdek het. Die hele aangeleentheid insake die moontlikheid van die ontginning word bespreek, en om die vervoermoeilikheid te bowe te kom, stel Stow voor dat die rivier by sekere plekke opgedam word en dat die steenkool met platboomskuite vervoer moet word na<sup>4)</sup> Kimberley .

Marks het as entrepreneur dadelik in hierdie ontdekking as 't ware 'n goudmyn gesien, want brandhout

/was in .....

---

1.(a) Leslie: Herinneringe, 75.

(b) Stander: Die ontstaan en ontwikkeling van Vereeniging, 2.

2. Ibid.

3. Leslie: a.w., 76.

4. Ibid.

was in Kimberley heeltemal onverkrygbaar <sup>1)</sup>. Hy gaan dus onmiddellik daartoe oor om saam met C. Herz „De Zuid Afrikaansche en Oranje Vry Staatsche Kolen en Mineralen Myn Vereeniging“ <sup>2)</sup> te stig. Ook gee hulle aan Stow volmag "to purchase and develop all the farms on which he judged coal to exist" <sup>3)</sup>.

(c) Moeilikhede in verband met die ontginning van steenkool.

Nadat die onderskeie plase deur die „Vereeniging“ aangekoop is, het Stow die nodige opmetings in verband met die opdam van die rivier in 1879 gedoen. Daar is dan ook nou oorgegaan tot die ontginning van die steenkool aan die oewer van die Vaalrivier op die plaas Leeuwkuil.

Die boere van die omgewing het altyd onder die indruk verkeer dat op sekere plekke uitvalgrond, bekend as „goewernementsgronde“, geleë was <sup>4)</sup>. Veldkornet C.R. de Wet van die wyk Roodekoppen kla vervolgens by die landdros van Heidelberg dat die „mynvereeniging“ steenkool op sulke grond ontgin <sup>5)</sup>. Daar word dan ook nou ondersoek ingestel na die moontlike bestaan van sulke uitvalgrond, en toe daar tot die slotsom gekom is dat dit wel die geval is dat die „Vereeniging“ die steenkool op die „goewernementsgronde“ uithaal, is die toesighouers van die myn, Spengler en Bulman, aangesê om werksaamhede te staak <sup>6)</sup>. J.C. Preller van Pretoria rig hierop

/„namens .....

1. Leslie: Herinneringe, 76.
2. Die woord „Vereeniging“ is soms gebruik om hierdie maatskappy se lang naam te verkort. Ook met die aansoek om die stigting van die dorp was bloot hierdie woord gebruik om die maatskappy aan te dui. Ook in die Volksraad en die Uitvoerende Raad is dié woord gebruik om na die maatskappy te verwys. In enkele gevalle is die woord vervang deur „Assosiatie“.
3. Leslie: a.w., 75.
4. Stander: Die ontstaan en ontwikkeling van Vereeniging, 4.
5. R.3355/82.
6. Stander: t.a.p.

„namens de myn vereeniging" op 24 Junie 1882 'n brief aan die Volksraad en wys daarop dat die uitvalgrond betrekking het op grond tussen die plase Panfontein en Uitvlucht. Sy versoek aan die regering is dus vir vergunning om met die ontginning voort te gaan en „zoude het blyken dat gezegd grond, hetwelk echter altoos maar een zeer kleine stukje kan zyn (wel bestaan) hen de voorkeur te geven hetzelfde te kopen"<sup>1)</sup>. Verdere moeilikhede duik daarna nog op, want nadat die nodige toestemming wel verkry is, word 'n landskommissie aangestel om alle soortgelyke<sup>2)</sup> moeilikhede wat in die toekoms mag opduik, op te los. Hierdie Kommissie sou dan voortaan ingaan op al die besware wat teen die myn ingebring is, om sodoende vas te stel of dit wel gegrond is<sup>3)</sup>. Ook moes aã die bakens in daardie gebied deur die Kommissie nagegaan word. Die landdros van Heidelberg het oud-inspekteur Wynand Smit en Jacob van der Westhuizen in dié verband benoem. Hierdie persone het dan ook in die Kommissie gedien en op die besware teen die myn ingegaan. Hulle bevinding was dat genoemde besware ongegrond was. Ook verklaar die landmeter-generaal dat daar geen goewermentsgronde in die nabyheid van die myn is nie<sup>4)</sup>.

#### 4. Die stigting van Vereeniging.

(a) Aansoek om stigting. Nadat die myn intussen weer sy normale werksaamhede hervat het, het die getal werknemers aangegroei tot sowat driehonderd, en talle ossewaens is

/vir die .....

---

1.(a) Stander: Die ontstaan en ontwikkeling van Vereeniging,<sup>4)</sup>

(b) R.3638/82.

2. R.367/82 gerangskik by R.3638/82.

3. R.10623/84 gerangskik by R.3638/82.

4. Ibid.

1)  
 vir die vervoer van die steenkool na Kimberley gebruik .  
 Die gevolg hiervan was dat die myn en sy omliggende terrein  
 'n ware transportryerskamp geword het. Hierdie toedrag van  
 sake dra nie die eienaars se goedkeuring weg nie en hulle  
 gee opdrag aan Simpson en Schapport, prokureurs in Pretoria,  
 om die staatssekretaris te nader vir goedkeuring om 'n dorp  
 te stig op die plaas Klipplaatdrift. In hul skrywe van  
 30 Junie 1882 stel hierdie prokureursfirma die saak oor-  
 tuigend en meld onder andere dat die voorgestelde terrein  
 besonder geskik is vir die oprigting van 'n stad want dit is  
 in die onmiddellike nabyheid van steenkool en water; daarby  
 is dit 'n gesonde omgewing en die betrokke gebied is goed  
 geleë. Ook word melding gemaak daarvan dat die „Vereeniging“  
 bereid is om grond in die middel van die stad toe te staan  
 vir 'n mark en dat tweeduisend akkers as „meentrecht“ en drie  
 akkers vir 'n kerkhof van die drie „gesindten“ geskenk sal  
 word .  
 2)

(b) Toestemming verleen. Voormelde geskrif van die proku-  
 reursfirma bereik die Volksraad juis toe hy in sitting was  
 en daar word dan ook besluit om toestemming te verleen vir  
 die stigting van die dorp onder die volgende voorwaardes:

- (i) Dat dit nie die bedoeling van die regering is om 'n  
 afsonderlike distrik te verklaar nie; en  
 (ii) Dat eers seker gemaak moet word dat daar geen goewerments-  
 gronde in die spesifieke gebied geleë is nie, en indien  
 dit wel die geval sou wees, moet dit per publieke  
 veiling aan die „meesbediende“ verkoop word .  
 3)

Nadat die Landmeter-generaal hom daarvan vergewis  
 /het dat .....

- 
1. Stander: Die ontstaan en ontwikkeling van Vereeniging, 5.  
 2. R.3722/82 (as bylaag A aangeheg): Skrywe van Schapport en  
 Simpson aan die Staatsekretaris, Pretoria, gedateer  
 30.6.1882.  
 3.(a) U.R.B., Artikel 247 van 4 Julie 1882.  
 (b) E.V.R.B., Artikel 714 van 5 Julie 1882.

het dat laasgenoemde bepaling nie op hierdie geval  
betrekking het nie, het hy aan Marks 'n versoek gerig om die  
dorp te laat uitmeet <sup>1)</sup>. Marks deel hom hierop egter mee <sup>2)</sup>  
dat daar voorlopig met die onderneming gestaak is .

(c) Stigting. Met die werklike stigting van die dorp is  
getalm tot op 2 November 1889 toe Marks sy agente Van der  
Hoff en De Jongh opdrag gegee het om die regering te vra om  
die dorp onder die volgende voorwaarde te laat proklameer:

„Dat de Regeering het recht hebben zal om uit te  
zoeken en te kiezen zoo danige erven of standplaatsen,  
en zoo veel grond als noodig moge zyn voor Gouvernements  
kantoren en Gebouwen, Kerken, Pleinen, Hospitalen en  
Begraafplaatsen, vry" <sup>3)</sup>.

Die Uitvoerende Raad het met die oog op hierdie  
voorwaarde (dog met sekere wysigings) die aansoek vir die  
stigting van die dorp weer eens goedgekeur <sup>4)</sup>. Hierdie  
goedkeuring is vervolgens deur President S.J.P. Kruger op  
23 Desember 1889 geteken en bekragtig <sup>5)</sup>.

Verdere probleme het egter daarna ontstaan, want  
toe daar later sprake was om die Randse goudmyne met die  
Suide deur middel van 'n spoor te verbind, het die  
dorpeienaars die erwe laat uitmeet op albei die plase, d.w.s.  
op Leeuwkuil (Potchefstroomse distrik) en Klipplaatdrift  
(Heidelbergse distrik) en nie net op laasgenoemde plaas  
alleen soos ooreengekom nie <sup>6)</sup>. Hierdie ooreenkoms is

/daarop.....

- 
1. Stander: Die ontstaan en ontwikkeling van Vereeniging, 6.
  2. R.6859/82 gerangskik by R.3722/82.
  3. R.12950/89 gerangskik by R.13347/89 gerangskik by R.3722/82.
  4. U.R.B., Artikel 794 van 18 Desember 1889.
  5. Staats Courant, 15 Januari 1890, Kennisgewing no. 367.
  6. R.13447/89 gerangskik by R.3722/82.

daarop, op aanbeveling van die landmeter-generaal, so gewysig dat die dorp op gedeeltes van albei plase uitgemeet is <sup>1)</sup>.

Wat nog van belang is, is dat besluit is dat Leeuwkuil, wat in die Potchefstroomse distrik tuisgehoort het, voortaan onder die Heidelbergse distrik tuisgebring sou word sodat die hele dorp Vereeniging tot laasgenoemde distrik sou behoort <sup>2)</sup>.

(d) Verkoop van erwe. Nadat goedkeuring vir die stigting van die dorp verkry is, is daar vervolgens oorgegaan tot die verkoop van die erwe.

Die afslaeers Merkel en Cilliers van Johannesburg is deur Marks opgedra om die erwe van die pasgestigte dorpie Vereeniging op 'n publieke veiling te verkoop. Op Vrydag en Saterdag die 29ste en 30ste April 1892 is dit gedoen, en by die eerste veiling is 210 erwe verkoop <sup>3)</sup>. Hierdie aanvanklike groot aanvraag om erwe kan daaraan toegeskryf word dat die talle transportryers wat 'n kamplewe gelei het, gretig was om erwe op Vereeniging te bekom.

Die regering het die reg uitgehou om 126 erwe vir staatsgeboudoeleindes uit te hou <sup>4)</sup>.

5. Die naam „Vereeniging“ <sup>5)</sup>. In die magtigingsdokument vir die stigting van die dorp <sup>6)</sup> is as eerste voorwaarde

/genoem .....

- 1.(a) R.2770/92 gerangskik by R.3722/82.
- (b) U.R.B., Artikel 379 van 28 April 1892.
2. Staats Courant, Woensdag 13 Juli 1892.
3. Stander: Die ontstaan en ontwikkeling van Vereeniging, 45.
4. Ibid., 46.
5. Die tydskrif „Vereeniging Publicity Society“, November 1933, bladsy 8, beweer dat die naam sy ontstaan te danke het aan die ontmoeting tussen Kruger en Reitz in 1889. Dit kan weerlê word deur die feit dat die dorp sy naam reeds in Julie 1882 gekry het toe daar nog geen sprake van 'n vereniging tussen die twee republieke was nie.
- 6.(a) U.R.B., Artikel 247 van 4 Julie 1882.
- (b) E.V.R.B., Artikel 714 van 5 Julie 1882.



genoem dat „als naam van de stad te bepalen, Vereeniging“<sup>1)</sup> is. Omdat die naam van die Maatskappy wat aansoek gedoen het vir die stad se stigting so lank was, het die Volksraad dit kortweg „De Vereeniging“ genoem. Hierdie verkorte vorm is as naam vir die dorp gekies; die naam „Vereeniging“ het dus nie, soos heel verkeerdelik soms beweerd word, iets te make met die „vereniging“ van die twee republieke deur middel van 'n hoofweg of spoorweg nie.

Die munisipaliteit van Vereeniging het later self erken dat die naam sy oorsprong van die genoemde maatskappy het<sup>2)</sup>.

6. Vereeniging se rol in die Tweede Vryheidsoorlog. Wat vir ons veral van belang is, vir sover dit Vereeniging se rol in die Tweede Vryheidsoorlog betref behalwe die konsentrasiekamp wat daar gewees het, is die feit dat die voorbereidings alhier getref is vir die staking van vyandelikhede.

Die mening bestaan verkeerdelik dat die vredesdokumente hier onderteken is; slegs die verteenwoordigers van die twee boererepublieke het hier bymekaar gekom om hulle vredesvoorstelle in 'n aanneembare vorm te giet.

Aan die begin van 1902 het die pogings van die vredesonderhandelinge uitgeloop op 'n vergadering van die vernaamste Boeregeneraals te Klerksdorp op die aand van die negende April. Hier is besluit om Lord Kitchener persoonlik te ontmoet „op een tyd en plaats door hem te worden bepaald“<sup>3)</sup>.

/Hierna .....

- 
1. Die naam van die dorp is eerstens bepaal deur die Uitvoerende Raad (U.R.B., Artikel 247 van 4 Julie 1882).
  2. Die Vaderland, 12 September 1953, 4. „Die ontwikkeling van die Vaalrivierbekken“.
  3. Kestell: Vredesonderhandelinge ....., 27.

Hierna is die verteenwoordigers van die twee republieke na Pretoria waar hulle Kitchener ontmoet het; hulle voorstelle is egter van die hand gewys.

Hulle is vervolgens na Vereeniging waar hulle gehuisves is in twee aparte groepe, nl. die Transvaalse en die Vrystaatse afgevaardigdes, sodat hulle mekaar nie sou kon beïnvloed nie. 'n Markeetent is tussen die kampe van die twee groepe opgeslaan, waarin die samesprekings gehou is. Op 15 Mei het hulle dan byeengekom op die terrein van Samuel Marks se „Brick and Tile Works“<sup>1)</sup>. Hierdie onderneming bestaan vandag nog as 'n florerende saak in Vereeniging en die presiese plek waar die samesprekings gehou is, is later omskep en verbou tot dié onderneming se ontspanningsaal<sup>2)</sup>. Hier is dan, na verskeie dae van samespreking en beraadslaging, die voorwaardes opgestel wat uiteindelik aan Lord Kitchener voorgelê is en wat aanleiding gegee het tot die ondertekening van die vredesverdrag. Dié verdrag is op 31 Mei 1902 in Pretoria onderteken.

7. Die fenomenale groei en ontwikkeling van Vereeniging gedurende die afgelope dekade.

(a) Die munisipaliteit.

(i) Algemeen. Voor die Tweede Vryheidsoorlog was daar geen stelsel van plaaslike bestuursadministrasie nie, behalwe dat 'n Resident-Vrederegter, mnr. J.S.V. Hugo, in 1892 aangestel is. Hierdie vrederegter was ondergeskik gestel aan die landdros op Heidelberg. In Januarie 1902, onder die Kroonkolonie-administrasie, is 'n Gesondheids-

/komitee .....

---

1. Meegedeel deur mev. Smith, Duncanville, Vereeniging.  
2. Ibid.

komitee in die lewe geroep met die magistraat as voorsitter. As gevolg van die bevredigende uitbreiding is 'n Stedelike Distriksraad in Oktober 1903 ingestel, en in Augustus 1904 is die status verhoog tot dié van 'n kleinere munisipaliteit. 'n Volwaardige munisipaliteit is in 1912 geskep en sedertdien het uitbreiding op groot skaal plaas-<sup>1)</sup> gevind .

Vereeniging se verbasende vooruitgang spreek duidelik uit amptelike statistiese gegewens. In 1943, toe hierdie dorp aan die begin gestaan het van sy fenomenale groei, het sy blanke bevolking slegs 10,200 beloop en in 1948 was dit nog maar 13,500. In 1953 is die 19,000-kerf bereik en die inwonertal word tans bereken op 24,715<sup>2)</sup> blankes en 57,015 naturelle en Kleurlinge .

(ii) Waardasie van grondeiendom. Nog vinniger as die bevolking het die waarde van grondeiendom gestyg. In 1943 was die waarde van die grond £1.1-miljoen en van verbeterings £3.3-miljoen, tesame £4.4miljoen; in 1948 was die syfers onderskeidelik £4.5-miljoen, £5.2-miljoen en £9.7-miljoen; op 1 Desember 1952 was die syfers £6.3-<sup>3)</sup>miljoen, £13.0-miljoen en £19.3-miljoen . Die totale belasbare eiendom binne die munisipaliteit beloop tans £25,071,998, waarvan £8,795,145 grondwaarde is binne die munisipale gebied van 91 vierkante myl. Die nie-belasbare waarde binne die munisipaliteit beloop £4,730,195, waarvan<sup>4)</sup> £1,434,990 grondwaarde is .

/(iii) .....

- 
1. Meegedeel deur die Stadsklerk, Vereeniging.
  2. Die Vaderland, 12 September 1953, 12. "Die ontwikkeling van die Vaalrivierbekken".
  3. Ibid.
  4. Meegedeel deur die Stadsklerk, Vereeniging.

(iii) Boubedrywighede. Die boubedrywighede in die Vereenigingse munisipale gebied sedert 1944 word mooi weerspieël in die volgende paar verteenwoordigende tabelle:<sup>1)</sup>

Bouplanne goedgekeur.

	Woon- huise	Sake- persele	Indus- triële persele	Ander geboue	Riool- planne.
<u>1944/5.</u>					
Getal planne	85	-	11	3	1
Waarde (£)	153,930	-	15,440	7,000	90
<u>1945/6.</u>					
Getal planne	124	3	11	1	221
Waarde (£)	227,946	9,400	43,425	30,000	11,095
<u>1950/1.</u>					
Getal planne	291	27	27	15	85
Waarde (£)	742,233	307,100	305,650	258,340	3,420
<u>1954/5.</u>					
Getal planne	467	41	33	42	1
Waarde (£)	989,383	303,170	156,290	329,625	120
<u>1957/8.</u>					
Getal planne	107	13	43	50	11
Waarde (£)	336,282	73,800	742,666	198,450	680

(b) Die Vaalrivier se rol by Vereeniging. Die Vaalrivier speel nie net 'n belangrike rol in die groei en ontwikkeling /van Vereeniging....

1. Meegedeel deur die Stadsklerk, Vereeniging.

van Vereeniging nie maar ook in 'n groot deel van ons land se industrieë.

Een-derde van die totale blanke bevolking van die Unie en sestien persent van die nie-blankes is afhanklik van die Vaalrivier se water. Vir Transvaal het hierdie rivier egter groter betekenis, want nie minder nie as twee-derdes van die blanke bevolking en 44 persent van die nie-blankes van hierdie provinsie lewe van hom.

'n Gebied van 4,300 vierkante myl word van sy water voorsien. Die Witwatersrand het sy vooruitgang ewe seer aan hom as aan die goud te danke. Die ontwikkeling van die Verre Wesrand en veral die Vrystaatse goudvelde sou sonder hom byna onoorkombare moeilikhede opgelewer het.

Die eerste belangrike stap om sy water te benut, was die bou van die Barrage in 1923 teen 'n koste van ongeveer £1,320,000<sup>1)</sup>. Hierdie riviermuur wat 25 myl onderkant Vereeniging geleë is, stoot die rivier oor 'n afstand van 42 myl op. Die inhoudsvermoë van die dam is 13,623-miljoen gelling, waarvan daaglik 20-miljoen uitgekeer kan word.

Die verwagting indertyd dat hierdie skema vir 'n lang tydperk voldoende sou wees, is egter nie gestaaf nie. Ná 1932 het die daaglikse verbruik binne tien jaar tot 58-miljoen gestyg. Aan die vérsiende besluit van genl. Hertzog se regering om die Vaaldam bokant Vereeniging te bou, is dit te danke dat daar nog nooit 'n watertekort was nie, ten spyte van die geweldige nywerheidsuitbreiding wat sedert die jongste oorlog plaasgevind het. Die Vaaldam

/is die .....

---

1. Meegedeel deur die Stadsklerk, Vereeniging.

is die grootste van sy soort in die Suidelike halfrond, want dit is ongeveer ses myl wyd en sy lengte strek op sommige plekke sover as 65 myl. Die omtrek van die dam is 435 myl en dit het 'n diepte van 155 voet bokant die rivierbedding.<sup>1)</sup> Sy inhoudsvermoë is 235,000-miljoen gelling .

Groot individuele verbruikers het hulle lankal naby die Vaalrivier gevestig. Eskom se kragstasies benodig omtrent 18½-miljoen gelling per dag en Sasol sewemiljoen. Die Union Steel Corporation verkry eenmiljoen en VanderBijlpark het sodanig uitgebrei dat sy drinkwaterbenodigdhede alleen eenmiljoen gelling beloop.

Die Randse Waterraad, wat die distribusie van die water reël, het in die jongste verlede meer as £10-miljoen gespandeer aan skemas wat voltooi is of in aanbou is. Sy totale kapitaaluitgawes sedert sy stigting beloop £16.5-miljoen. Hoe doeltreffend hierdie Raad werk, blyk daaruit dat die prys per duisend gelling water onlangs van 60 pennies<sup>2)</sup> in 1905 tot tien pennies verlaag kon word .

(c) Die Steenkoolindustrie by Vereeniging. Sedert die eerste steenkool in 1879 ontdek is, is daar drie myne ontwikkel op die Vereenigingse steenkoolveld en omtrent honderdmiljoen ton kool geproduseer. Die steenkoolveld is tans ongeveer 200 vierkante myle groot en strek van benoorde die dorp tot twintig myl besuide die Vaalrivier. Die breedte varieer tussen vier en tien myl. Die ontginbare hoeveelheid steenkool word op ongeveer vierduisend ton geskat, en hierdie neerslag sal vir minstens die volgende vyftig jaar

'n belangrike.....

---

1. Meegedeel deur die Sekretaris, Randse Waterraad, Vereeniging.  
2. Ibid.

'n belangrike bron van krag wees.

Sedert 1935 het die ou afdeling van die Springfieldmyn op Grootvlei naby Redan in die behoeftes voorsien van die Kliprivierkragstasie, wat omtrent 40% van Eskom se totale kragproduksie verskaf. Hierdie myn, wat die enigste binne die distrik van Vereeniging is, nader egter sy einde; sy maandelikse produksie het tot 47,000 ton gedaal. Sy plek as leweransier van die kragstasie word in 'n stygende mate ingeneem deur die Grootvleimyn wat deur die Springfieldgroep op die steenkoolveld van Heidelberg-Balfour geopen is.

Vereeniging se twee ander myne, Cornelia en Clydesdale, is albei besuide die Vaalrivier in die distrik Heilbron geleë. Cornelia is net buitekant Vereeniging en Clydesdale is in die suidelike hoek van die steenkoolveld geleë. Cornelia is een van Suid-Afrika se grootste steenkoolmyne.

Vereeniging se steenkool is nie van 'n baie hoë gehalte nie en word hoofsaaklik gebruik vir die opwekking van elektrisiteit. Nietemin is aansienlike hoeveelhede vir huishoudelike doeleindes verkoop, want dit brand maklik en is taamlik roetvry.

Terwyl die steenkoolneerslae in die Unie gewoonlik vlak is, is hulle op Grootvlei omtrent 600 voet ondergronds. Derhalwe kon die gewone metode om die steenkool deur middel van kringloopvervoerstelsels langs 'n hellingskag na die oppervlakte te neem nie toegepas word nie en is skagte gemaak <sup>1)</sup>.

/(d) Die .....

---

1. Die Vaderland, 12 September 1953, 12. „Die ontwikkeling van die Vaalrivierbekken“.

(d) Die Staalindustrie.

(i) Union Steel Corporation. Die persoon wat hom die meeste beywer het en geen moeite ontsien het om 'n staalfabriek op Vereeniging op te rig nie, was Samuel Marks <sup>1)</sup>. Die keuse op Vereeniging was blykbaar omdat dit naby Johannesburg geleë is vir die mark en arbeid en in die onmiddellike nabyheid van steenkool en water.

Reeds in 1882 maak Marks gebruik van die heer Nelmapius om 'n konsessie van die regering te verkry om "factories and furnaces for the smelting of iron ore ...." in die Z.A.R. op te rig. Hy wys daarop dat hy „overtuigd (is) dat, met behulp van de Hoogedele Regeering de stichting eener zeer beduidende industrie mogelyk zal gemaakt worden" <sup>2)</sup>.

Hierdie ideaal van Marks is nie in die Republikeinse tyd verwesentlik nie maar na die oorlog het Marks weer na vore getree. Toe het daar 'n ophoping van afvalstaal in die vorm van veral spoorstawe plaasgevind; dit moes na die buiteland vir verwerking uitgevoer word. As gevolg van 'n vertraging wat by die hawens ontstaan het, is daar toe tenders gevra vir die verwerking van dié afvalstaal. Die tender is aan Marks, Wright e.a. toegestaan. Hulle het 'n maatskappy gestig, die Union Steel Corporation. Die eerste fabriek van hierdie maatskappy, wat nou as „Vaalwerke" bekend staan, is gebou om 15,000 ton ou yster te verwerk. Ook is die maatskappy verseker van die voorsiening van 'n verdere 500 ton afvalyster per jaar vir 'n tydperk van 16 jaar <sup>3)</sup>.

/Hierdie .....

- 
1. Meegedeel deur die Sekretaris, Union Steel Corporation.
  2. R.7348/99.
  - 3.(a) Stander: Die ontstaan en ontwikkeling van Vereeniging, 85.
  - (b) Meegedeel deur die Sekretaris, Union Steel Corporation.



Hierdie maatskappy het die afgelope aantal jare van krag tot krag gegaan. Na die Eerste Wêreldoorlog is 100 morg grond teen 'n bedrag van £2,000 benoorde die dorpe deur die maatskappy aangekoop met die doel om ander nywerhede aan te lok wat verbruikers van sy staal kon wees. Op hierdie grond staan vandag die fabriek van Stewart and Lloyds, Safim en McKinnon Chain.

Die Union Steel Corporation se eie uitbreiding was self so geweldig dat die „Klipwerke" wat in 1926 daar opgerig is, in die afgelope aantal jare herhaaldelik vergroot moes word.

Die blokstaalkapasiteit van die Vaal- en die Klipwerke is 92,000 ton per jaar. Die Union Steel Corporation maak onder meer 'n vleklose staal wat 18 persent chroom en 8 persent nikkel bevat. Die vernaamste verbruiker is die Spoorweë.

'n Ander produk is die 10% wolframstaal waarvan stempelvorms gemaak word. Die staaldraadkapasiteit is 10,000 ton per jaar, en die koperdraad 13,500 ton, wat gelyk staan aan 'n waarde van £2,750,000<sup>1)</sup>.

(ii) VanderBijlpark. Wanneer ons aan Vereeniging as staalindustriesentrum dink, dink mens onwillekeurig ook aan VanderBijlpark. VanderBijlpark het sy stigting te danke aan die visie van die staalnyweraar aan wie hy sy naam ontleen. Besorg oor die lukrake ontwikkeling van dorpe aan die Witwatersrand en wetende watter invloed 'n gesonde omgewing op die arbeidslus van die werknemers kan hê, het dr. H.J. van der Bijl, in lewe voorsitter

/van die .....

---

1. Besonderhede verstrek deur die Sekretaris, Union Steel Corporation, Vereeniging.

van die S.A. Yster- en Staalkorporasie, daarop aangedring dat Suid-Afrika se tweede groot staalfabriek ook 'n model-dorp moet kry.

'n Kaal stuk veld naby die Vaalrivier, omtrent veertig vierkante myl groot, is uitgekies en in 1946 het die eintlike ontwikkeling begin. Die nuwe staalfabriek op VanderBijlpark is op 4 Oktober 1952 deur Sy Eksellensie, die Goewerneur-generaal, amptelik geopen. Uit die walsmeul wat in 1943 in werking gekom het, het 'n onderneming ontwikkel wat tans meer as 500,000 ton blokstaal p.j. vervaardig en waarvan die uiteindelijke kapasiteit op 1-miljoen ton beraam is. Dit sal eendag ons land se grootste staalfabriek wees.

So vinnig het die dorp gevorder dat sy blanke bevolking tans ver oor 20,000 beloop en hy sodoende Vereeniging oortref. Meer as 3,500 woonhuise is voltooi en etlikes is in aanbou. Oor die 400 woonstelle is opgerig. Daar is oor die vyftig openbare geboue en van die beoogde 24 handelsgeboue is die oorgrote meerderheid reeds opgerig.

Van die nuwe dorpe wat sedert die oorlog ontstaan het, het VanderBijlpark gewis die mees verskeie bevolking. Die Suid-Afrikaners self kom uit verskillende lewenskringe en onder hulle is groepe met 'n sterk ontwikkelde saamhorigheidsgevoel, soos die staalwerkers wat van Pretoria af daarheen oorgeplaas is. Hierbenewens het die dorp in verhouding tot sy grootte die grootste uitlanderbevolking in die Unie. In 1948 het die getal immigrante omtrent 60% van die inwoners bedra. Die helfte is uit Engeland afkomstig, terwyl die res hoofsaaklik uit Duitsers maar ook uit Hollanders, Dene,

/Swede.....

Swede en Tsjegge bestaan.

Die VanderBijlparkse nywerhede spesialiseer in die vervaardiging van pletstaal en hulle groot betekenis vir die Unie is dat hulle produkte lewer wat tot nog toe in onvoldoende hoeveelhede of glad nie gemaak is nie. Sekere soorte plate kan gebruik word vir stoomketels, skeepsherstelwerk of spoortrokke. Ander is geskik vir mynwaaiers en staalkonkas. Die tekort aan sinkplate het verdwyn sedert die fabriek in werking getree het.

Van groot belang is die koudgewalsde staalplate waarvan yskaste of die bostelle van motors vervaardig kan word. Die fynste produk is tinplate vir blikkies waaraan die inmaakbedryf en ander nywerhede 'n groot behoefte het.

Die staalfabriek het £30-miljoen gekos. Per hoof van VanderBijlpark se blanke bevolking kom dit neer op 'n belegging van meer as £1,500<sup>1)</sup>.

## 8. Kerkgeskiedenis.

### (a) Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Gemeente.

Hierdie gemeente is op 16 Maart 1912 gestig uit die mees afgeleë dele van die gemeente Heidelberg en Potchefstroom. Op dieselfde dag is op 'n gemeentevergadering die eerste kerkraadslede van die gemeente gekies.<sup>2)</sup> Die lidmatetal was 600, waarvan die meeste boere was.

Op die eerste kerkraadsvergadering was die voorsitter ds. A.J. Louw van Heidelberg, wat konsulent was. Die eerste predikant wat die gemeente bedien het, was ds. H.E. Steyn, wat op 21 Junie 1913 in die gemeente bevestig is teen £350 per jaar.<sup>3)</sup>

/In 1933 .....

- 
1. Meegedeel deur verskeie amptenare van die S.A. Yster- en Staalkorporasie, VanderBijlpark.
  2. Meegedeel deur ds. K.D. Struwig, Vereeniging.
  3. Ibid.

In 1933 is 'n hulpprediker in die persoon van proponent W.W. Esterhuizen beroep. Na hom het daar nog vyf hulppredikers gevolg en in 1942 is die eerste medeleraar, ds. L.J. Visser, bevestig<sup>1)</sup>. Ds. Visser was in hierdie gemeente werksaam tot 1950. Intussen is ds. J.J. Odendaal as hulpleraar bevestig, en sy dienstermyn het gestrek vanaf 1946 tot 1948. Ds. P.C. du Toit was die volgende leraar van die gemeente en hy was predikant vanaf 1951 tot 1957. Die huidige leraar, ds. K.D. Struwig, is sedert 1958 die herder van hierdie gemeente<sup>2)</sup>.

Sedert 1945 het vyf gemeentes van die moedergemeente afgestig<sup>3)</sup>.

(b) Gereformeerde Kerk. Hierdie gemeente is op 14 Mei 1927 gestig uit wyke van die gemeentes Heidelberg, Potchefstroom, Vredefort en Frankfort. Die ledetal was ongeveer 100 belydende en 80 dooplidmate<sup>4)</sup>.

Ds. N.H. van der Walt van Heidelberg het dié gemeente twaalf jaar lank bearbei, tot 10 Januarie 1939, toe die kombinasie met Heidelberg verbreek is. Ds. (tans dr.) J.A. Schutte is vervolgens deur die kerkraad<sup>5)</sup> beroep en hy het die bediening aanvaar op 14 Mei 1939. Sedertdien het die volgende leraars die bediening aldaar waargeneem: ds. P.J. de Klerk (vanaf 1941 tot 1945) en dr. W.J. van der Merwe (sedert 1946)<sup>6)</sup>.

/Die volgende .....

- 
1. Meegedeel deur ds. K.D. Struwig, Vereeniging.
  2. Ibid.
  3. Ibid.
  4. Notule van die Stigtingsvergadering van die Gereformeerde Kerk, Vereeniging, art. 1-4, gedateer 14.5.1927.
  5. Van Aswegen: Die Geskiedenis van Vereeniging, 124.
  6. Meegedeel deur die predikant, Gereformeerde Kerk, Vereeniging.

Die volgende gemeentes is van hierdie gemeente afgestig: VanderBijlpark (1951), Sasolburg (van Vander-Bijlpark en Vereeniging) (1954) en Meyerton (1956)<sup>1)</sup>.

(c) Nederduits Hervormde Kerk. Hierdie gemeente is op 16 Augustus 1913 in opdrag van die Algemene Kommissie van die Kerk op die plaas Houtkop, onder leiding van ds. L.E. Brandt, in die lewe geroep. Ook hierdie gemeente is afgestig van die gemeentes Potchefstroom, Krugersdorp en Heidelberg.<sup>2)</sup> Ds. L.E. Brandt is benoem tot konsulent.

Ds. L.E. Brandt is op 27 Oktober 1923 as die eerste predikant van die gemeente bevestig.<sup>3)</sup> Die volgende leraar van die gemeente was proponent W.F. Huyzers wat op 14 November 1931 aldaar bevestig is.<sup>4)</sup> In Februarie 1938 het hy sy ontslag as leraar gekry aangesien hy die openbare lewe wou betree.<sup>5)</sup> Op 8 Oktober 1938 is die huidige predikant, ds. A. Ras, in die gemeente bevestig.<sup>6)</sup>

Die volgende gemeentes is van hierdie een afgestig: VanderBijlpark (1950), Meyerton (1950), Evaton (1950) en Duncanville (1954).<sup>7)</sup>

(d) Samevatting. Dat die kerke in Vereeniging, soos dit trouens die geval is in die meeste ander dorpe, 'n groot invloed op die onderwys aldaar gehad het en nog het, is geensins te betwyfel nie. Nie alleen is die huidige

/voorsitter.....

- 
1. Meegedeel deur die predikant, Gereformeerde Kerk, Vereeniging.
  2. Vereeniging: Brosjyre uitgegee deur die Van Riebeeckfeeskomitee, 24.1.1952, 27.
  3. Notule van die Kerkraad, Hervormde Kerk, Vereeniging, 30.8.1923.
  4. Ibid., 6.10.1931.
  5. Ibid., 29.1.1938.
  6. Ibid., 7.9.1938.
  7. Meegedeel deur mev. A. Ras, Hofmeyerlaan 45, Vereeniging.

voorsitter van die skoolraad 'n leraar van een van die gemeentes daar nie maar die predikante van die verskillende kerke dien in feitlik alle beheerrade van die hoërskole en in skoolkommissies. Die heilsame invloed van hierdie toedrag van sake kan heeltemal goed besef word.